SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
**Bewaring deur volhoubare benutting / Conservation through sustainable utilisation**

Plot 3, Mountain Drive 7 / Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort Tel: (012) 808-9300
Privaatsak / Private Bag X 9, Pretoria Noord/North, 0116
E-pos / E-mail: admin@sahunt.co.za Web: www.sahunters.co.za
PBO 930009213 VAT: 4910127861
Geakkrediteer deur SAPD as Jagtersvereniging: Nr 400001; Sportskietorganisasie: Nr 1300091; Beroepsjagvereniging: Nr 1300124
Accredited by SAPS as Hunting association: No 400001; Sport shooting organisation: No 1300091; Professional hunting association: No 1300124

**Missie**: Om die SAJWV as 'n gesonde en lewenskragtige ledevereniging te bestuur wat sy lede dien deur:

- verantwoordelike jag, sportskiet en bewaring te beskerm en uit te bou;
- die verantwoordelike besit en gebruik van vuurwapens te bevorder;
- gepaste opleiding in alle aspekte van jag, bewaring en sportskiet aan te bied;
- beïnvloeding van en deelname aan nasionale wetgewing en beleid t.o.v. jag, bewaring en sportskiet;
- die SAJWV effektief te posisioneer binne die nasionale en internasionale jag-, bewaring- en sportskietgemeenskap; en
- die hulpbronne van SAJWV verantwoordelik aan te wend in belang van sy lede.

**Aansoeke word ingewag vir die posisie van**

# UITVOERENDE HOOF

**om die uittredende houer van die pos op te volg**.

Van die posbekleër word verwag om oorhoofs verantwoordelik te wees vir die realisering van die strategiese doelwitte en die bestuur van die grootste vereniging van sy soort in Suid Afrika.

Die belangrikste prestasie-areas van die pos behels die bestuur van:

- Ledesake (40 000 lede)
- Opleiding
- Finansies
- Beleid en prosedures
- Bemarking
- Kommersiële sakebelange
- Personeel en personeelontwikkeling

As 'n ex officio-lid van die SAJWV se Raad vervul hy/sy 'n rigtinggewende rol aan díe Raad en die bestuur.

Daar word van die persoon verwag om die SAJWV op nasionale forums te verteenwoordig.

Die suksesvolle kandidaat moet aan die volgende vereistes voldoen:

- toepaslike tersiêre opleiding;
- toepaslike opleiding en ondervinding in bestuur op senior vlak;
- bewese leierskap- en sosiale vaardighede;

Raadslede/Board members: EPV Bergh, DJJ Momberg, FC Roets, GJA Archer, RJG Sowry, RF Camphor

- bewese kommunikasievaardighede, verbaal sowel as skriftelik in beide Afrikaans en Engels;
- uitstekende administratiewe vaardighede; en
- ŉ sterk fokus op funksionele dienslewering aan lede regoor Suid-Afrika.

Kennis of ervaring van die volgende aspekte sal ŉ aanbeveling wees:

- bewaringsomgewing, jag- en sportskietbedryf;
- in die opleidingsomgewing; en
- kommersiële sake, verkieslik in die vuurwapenbedryf.

**Benewens die bogenoemde vereistes en aanbevelings sal ŉ kandidaat met ŉ gerespekteerde profiel in die jag-, bewaring-en/of sportskietomgewing ŉ groot aanwins vir die Vereniging wees.**

**VERGOEDINGSPAKKET**

Die vergoedingspakket is onderhandelbaar met aanverwante voordele soos ŉ voorsorgfonds wat gestruktureer kan word om by die kandidaat se behoeftes te pas.

**WERKSOMGEWING**

Die suksesvolle kandidaat moet bereid wees om in die Pretoria-omgewing te vestig en om na-ure te werk.

**DIENSKONTRAK**

Die Raad verkies om ŉ vastetermyn kontrakaanstelling van 4 jaar te doen.

**ASSESSERING**

Alle kandidate moet bereid wees om hulself beskikbaar te stel vir taksering as deel van die keuringsproses.

**SLUITINGSDATUM**

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 20 Mei 2024. Kandidate moet hulle aansoek vergesel van ŉ volledige CV en gemerk as “VERTROULIK” per e-pos stuur aan “Die HUB SAJWV”, by fredc@sahunt.co.za

Rig navrae oor die betrekking aan Fred Camphor by 082 445 0498 of fredc@sahunt.co.za

Die Raad van SAJWV behou die reg voor om ŉ individu van keuse aan te stel en/of ook geen aanstelling te maak nie. Onsuksesvolle aansoekers sal per e-pos in kennis gestel word sonder om enige redes daarvoor te verskaf. Geen korrespondensie sal oor die Raad se besluit gevoer word nie.